Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2014

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

PUNTE: **100**

TYD: **2½ uur**

* A F R F A 3 *

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer transaksionele tekste	(30)
AFDELING C:	Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd so:

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute

8. Nommer die skryfstukke soos wat dit op die vraestel verskyn.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.

10. LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN onderwerp en skryf 250–300 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

1.1 **Is dit ’n regverdige straf?**



Daar is sommige leerders in jou klas wat baie praat as die onderwyser probeer klas gee. Die onderwyser het die hele klas gestraf en julle moet nou ’n Vrydagmiddagdetensie bywoon.

Dink jy die onderwyser was regverdig met die betrokke straf?

Skryf ’n opstel hieroor. **[50]**

1.2 **Liefde**

Is daar iemand spesiaal in jou lewe?

Skryf ’n opstel oor die persoon. **[50]**

1.3 **Ek wil nog …**

Jou skooldae is amper verby en daar is nog EEN ding wat jy wil doen voor jy die skool verlaat.

Skryf ’n opstel hieroor. **[50]**

Kopiereg voorbehou

1.4 **'n Moeilike wedstryd.**

Jou afrigter se woorde: "*Moet nooit opgee nie!*" het jou deur 'n moeilike wedstryd gehelp.

Skryf 'n opstel hieroor. **[50]**

1.5 **Waardering en respek**

[Bron: *Clip Art*]

Dink jy dat die jongmense van vandag genoeg waardering en respek vir hulle ouers het?

Skryf 'n opstel hieroor. **[50]**

1.6 Kies EEN van die visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet direk by die kern van die prent aansluit.

1.6.1



[Bron: *Clip Art*] **[50]**

1.6.2

[Bron *Hoezit!*, Junie 2012] **[50]**

1.6.3

[Bron: *Clip Art*] **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

2.1 INFORMELE BRIEF AAN DIE PERS

Jou plaaslike koerant het 'n artikel geplaas oor hoe baie matrikulante eerder tuis bly as om skool toe te gaan. Hulle voel hulle leer beter by die huis.

Skryf 'n brief aan die koerant waarin jy op die artikel reageer. **[30]**

2.2 CURRICULUM VITAE EN DEKBRIEF

Die volgende advertensie het in die koerant verskyn.

Verdien sakgeld oor naweke
by
LEKKER EET RESTAURANT.

Werk as
kelner/kelnerin.

Stuur jou CV en dekbrief aan:

Die Bestuurder
LEKKER EET RESTAURANT
Posbus 234
Oos-Londen
5467

Sluitingsdatum: 30 November 2014

Skryf jou CV en dekbrief. **[30]**

2.3 RESENSIE

Skryf 'n resensie oor die musiekalbum wat jy dink die beste album vir 2014 was. **[30]**

2.4 DIALOOG

Jou vriend of vriendin het 'n paar irriterende gewoontes wat jou mal wil maak!

Skryf die dialoog tussen jou en jou vriend of vriendin neer. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

3.1 **UITNODIGINGSKAARTJIE**

Jy word agtien jaar oud en jou ouers het ingestem dat jy ’n partytjie mag hou.

Ontwerp jou uitnodigingskaartjie. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy was een van die helpers by jou skool se kosmaakdag vir straatkinders.

Deel jou gevoelens oor hierdie dag met jou dagboek. **[20]**

3.3 **PADAANWYSING**

Jou vriend of vriendin is in ’n ander skool. Jou matriekafskeidsfunksie is by ’n hotel. Hy of sy wil graag gaan kyk hoe jy lyk.

Verduidelik aan hom of haar hoe om by die hotel te kom. Verduidelik die pad van jou skool af. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100